

Die heilige doop as laaste opdrag van die Here

Teks: Markus 16: 9 - 20 & Sondag 26
Teks: Markus 16: 16

1. Inleiding

In vanoggend se leediens is ons fokus die sarkament van die Heilige Doop. En soos ons laasweek gefokus het op die instelling van die sakrament van die Heilige Nagmaal, gaan ons vanoggend ook fokus op die instelling van die sakrament van die Heilige Doop. Ons het reeds bely in Sondag 25 dat ons net twee sakramente in die Nuwe Testamentiese Kerk erken. Die twee wat Christus selfs tydens Sy bediening op aarde ingestel het.

Tog is dit vir ons belangrik om ook sien op watter tydstep Hy dit tydens Sy aardse bediening ingestel het. So het ons dan laasweek in 1 Korinthiërs 11 en die ander gedeeltes gesien dat die Nagmaal net voor die Kruisiging ingestel is. Dit gee natuurlik aan die Nagmaal die noue band met die kruisiging. 'n Band wat dan duidelik weer uitkom in die elemente as tekens en seëls.

Maar wanneer ons by die Doop kom sien ons dat dit heelwat later ingestel word. Christus stel die doop in as deel van Sy laaste groet opdragte. As deel van die boodskap en opdrag waarmee Hy die apostels die wêreld in stuur. En hierdie besondere plek en tydstep in die bediening verleen dan ook aan die doop 'n besondere karakter.

Dit is natuurlik juis hierdie karakter van die Doop wat ons in die Nuwe Testamentiese kerk wil behou, en daarom gaan ons dit juis ondersoek vandag. Sodat ons weer ons eie oortuigings oor die doop kan meet aan die openbaring daarvoor in die skrif, en soos ons dit ook in waarheid in die Heidelbergse Kategismus bely.

Uiteindelik kan gaan ons afsluit om ook vir mekaar te vra of ons nog gehoorsaam is aan die groot opdrag waarmee die Here

Jesus Christus ons ook hier op aarde agter gelaat het.

2. Opdrag tot bevestiging van interne geloof

Soos ons ook laasweek duidelik gemaak het, is die sakramente 'n genadegawe wat die Here aan ons gee. Dit is 'n genadegawe tot versterking van geloof, nie tot skep van nuwe geloof nie. Dit kom ook voor hier uit die plek waar Christus beveel om die doop te bedien. Soos ons reeds gesê het is die doop deel van die finale afskeidsboodskappe voor Jesus opvaar na die Hemel toe.

Dit is so laat in die bediening dat daar in sommige kringe selfs twyfel is of vers 9 tot 20 werklik deel was van die oorspronklike Markus evangelie. Tog weet en erken ons deur die lyding van die Heilige Gees dat dit vandag deel van ons Bybel is. Dus is die doop duidelik iets wat 'n rukkie na die kruisiging en opstanding kom. Die volg om en by so 40 dae na die opstanding net voor die hemelvaart. En dit is ook die teologiese plek van die sakrament van die doop. Dit bly die uitwendige teken waarmee ek 'n inwendige verbintenis aan die verlossingswerk van die Here bely.

Daarmee moet die sakrament van die doop nooit net magies ekstern beskou word nie. Want dan eindig 'n mens uiteindelik by die skerp veroordeling van Christus aan die fariseërs in Matteus 23: 25 - 26 wanneer Hy vir hulle sê: “²⁵“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid. ²⁶Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker skoon, dan sal sy buitekant ook skoon wees.”

Maar ook wanneer 'n mens op 'n mikrovlak in ons teksvers self daarna kyk sien jy dat die tot geloof kom voor die doop staan. Die geloof wat gewerk word intern in die gelowige met die aanhoor van die Evangelie word slegs versterk deur die eksterne teken van die doop.

3. Eenmalig toetrede tot geloof.

Die ander groot verskil tussen die doop en die nagmaal kom in by gereeldheid. In verlede week se preek het ons gesê dat die Here ons beveel om gereeld die nagmaal tot versterking van ons geloof te vier. Tog is die eeue lange gebruik in die Christelike kerk dat die doop net eenmalig bedien word. En dit is ook heeltemal reg so.

Die doop verseker ons van die afwassing van ons sonde in die bloed van Christus. Soos ons ook al reeds gesê het, bring Christus eenmalig die offer wat nodig is vir ons verlossing. En soos ons ook in die eerste punt gesê is die doop die uitwendige bevestiging van ons interne verbintenis van die Here.

Omdat die Here heelmat getrou is, is Sy eenmalige verbinding aan ons verewig. En daarom word ons nie weer gedoop nie. Met respek gesê die Here gaan nooit terug op Sy woord en beloftes nie. En daarom is dit nie nodig om weer gewas te word as jy reeds skoon is nie. Soos die Here ook selfs sê in Johannes 15:3 “³Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.”

Daarom duidelik in ons teksgedeelte en ook in die parrallelle gedeelte in Mattheus is die doop iets wat aan baie mense bedien moet word, maar steeds net eenmallig, ons sien dit in die feit dat die term doop altyd net in die enkelvoud in die Bybel gebruik word. Om dus weer te doop of te herdoop, skep die godslasterlike probleem, dat ons God tot leuenaar maak. En daar keur die kerk dit ook ten sterkte af.

4. Familie wyd

Die doop is seker een van die mees veredelende sake tussen Christen gelowiges. En dit kom neer op die verskil tussen “peadobaptism” of in alledaagse term kinderdoop en die “credobaptism” op in alledaagse terme die belydenisdoop. As ons geskiedkundig kyk word die kinderdoop deur die meer tradisionele kerk soos bv. die Rooms Katoliek en Gerefomeerde kerke en slegs die belydenisdoop deur kerk wat voortspruit uit die wederdoper oorsprong bedien.

Die groepering wat dan aandring dat slegs die belydenisdoop bedien mag word, gebruik dan dikwels ons teksvers as bewysteks. En uit ons preek tot dusver is dit ook duidelik dat die doop interne geloof bevestig. Daarom hierdie verduideliking in verband met die die kinderdoop. Die eerste punt is dat ons beide dope bedien die kinderdoop en die belydenisdoop. Belydenisdoop natuurlik in lyn met alles wat reeds gesê is. Maar dan ook die kinderdoop vir die kinders van daardie mense wat reeds die Belydenisdoop oedergaan het. Dit was duidelik die gebruik in die nuwe testament waar volledige gesinne in handeling 11, 16 en 1 Kor 1 gedoop is. Verder bely ons die deurlopende verbond wat nie verskraal word in die nuwe testament met. En daarom koppel ons ook die doop aan die belydenis soos die Woord ook self doen in Kollosense 2:11 - 12 wat soos volg lees: “¹¹in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, ¹²omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.”

Laastens weet ons ook uit Handeling 2:39 direk verwys na julle kinders. Hierin is dit duidelik dat ons ook direkte opdrag het om die kinders van gelowiges te doop.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met die vraag wat ons aan die begin het. Wat weerspieel doop aktiwiteite in ons gemeente van die

gemeente. Ons teks gedeelte en die paralelle teksgedeelte in Mattheus 28 word dikwels na verwys as die groot opdrag van die Here. Die laaste opdragte wat Christus persoonlik aan die kerk gee voor Hy opvaar na die hemel.

Hierdie opdrag behels ten eerste om die Evangelie so ver as moontlik te gaan verkondig. Sodat die Heilige Gees die geloof in die uitverkornes kan werk. Maar dit is nie waar die opdrag eindig nie. Daardie mense wat dan tot geloof kom het 'n geestelik tuiste nodig. Daarom word ons ook beveel om mense met die sakrament van die doop te verwelkom in die gemeekskap van die gelowiges. En dan om hulle hier binne die gemeenskap van gelowige te leer om alles te onderhou wat die Here ons beveel het.

Daarom is dit natuurlik nie vergesog om die doop as 'n aanduiding van nuwe lewe, van nuwe toevoegings tot die gemeente te gebruik. Wat is die verhouding doop tot begrafnisse wat 'n kerk beleef. Is dit nie miskien 'n ernstige aanklag teen ons dat ons verhouding skeef trek na die een kant? Miskien moet ons weer met erns die groot opdrag ondersoek en aktief gaan uitleef elke dag. Alles wat ons nodig het om dit te doen word in genade deur die Here aan ons gegee.

Amen